Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Verantwoordelikhede…
Is dit nie maar 'n woord wat ons almal haat nie?
Verantwoordelikheid kom met die jare…

Vroeër was alles baie gemakliker, jou ma en pa het alles vir jou gedoen. Selfs as jy probleme gehad het, het hulle dit baie keer vir jou uitgesorteer. En dan een dag, uit die bloute, moet jy self alles doen. Jou eie besluite maak. Ons moet verantwoordelikhede aanvaar, ons by ons woord hou. Vroeër het ons alles vinnig op iemand anders geskuif as ons nie reg gekom het nie, nou moet jy dit self doen. Soos kommissies wat jou hulp vra, betaling van VVB, skryf van artikels vir die Olielamp, omdat dit tog ook 'n verantwoordelikheid van die hele jeug is en nie net 'n blad vir 'n groepie jeug om in te skryf nie !

Dis wat my nogal gevang het. Jy kan jou ouers en vriende se opinies vra, maar op die einde van die dag is dit jy wat die besluit moet maak. En tog is daar iets wat kort in hierdie sinnetjie. Naamlik dat ons gelukkig mag weet dat ons al ons sorge, verantwoordelikhede en vreugdes aan God mag opdra en mag weet dat Hy luister. Maar nog belangriker, dat ons mag weet dat Hy ons lewe, ons besluite lei.

Dan kan daar moeilike besluite wees wat jy moet maak. Dinge wat jy nie gedink het gaan so moeilik wees nie. Maar tog mag jy dan altyd weet dat God daar aan jou sy is. Hy stap die pad saam met jou Moet dan ook nie vergeet om alles met Hom te deel in jou gebed nie. Betrek hom in jou lewe, lewe saam met Hom !

Ons mag dan ook in hierdie tyd voor Hemelvaart en Pinkster weet dat God Sy Gees gestuur het om ons te versterk. Ons mag weet dat God Sy Seun gestuur het om vir ons sondes te ly, sodat ons weer saam met Hom mag lewe. Dat ons, ons krag en vertroosting mag soek by ons Vader wat altyd daar is om ons te ondersteun en te lei.

Ek hoop dat hierdie Olielamp ook weer tot versterking van ons almal se geloof mag dien! Sterkte met die eksamens wat voorlê en geniet die Olielamp !

Namens die Maranata-redaksie
Cora

Jaargang 7 nr 4, Mei 2003

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Afskeidsrede, oproep en waarskuwing	2
Paasfees - `n Fees op pad na die wederkoms	3
Ontmoet jou voorvaders	4
Op Pad	**5**
Nagmaal - selfondersoek	5
Genetiese manipulasie, kloning en wat die Bybel sê	6
God – die middelpunt van ons lewe?	7
Voel Jy Ook So?	**8**
Christus uitgebeeld as mens	8
Sondekennis dra by tot ware geluk	9
CSV – Hoe reageer jy as Christen daarop	11
Beheer jou gedagtes	12
Deur Die Sleutelgat	**13**
Voetspore	**14**
Gedigte	**16**
De Boodschap	16

UIT DIE WOORD

AFSKEIDSREDE, OPROEP EN WAARSKUWING

Handelinge 20: 17-38

Adrian van der Berg

Paulus se sekerheid dat hy nie weer in Asië sal kom nie, laat hom 'n afskeidsrede aan die kerkleiers rig voordat hy na Jerusalem vertrek. Hierdie afskeidsrede word in twee dele verdeel. In verse 18-27 kyk Paulus terug oor sy eie werk as sendeling. Hy vertel hoe hy sy werk getrou gedoen het, en dan praat hy oor

die onsekerhede van die toekoms, sy gewilligheid om vir Christus te sterf, en sy sekerheid dat hy nie weer sy vriende gaan sien nie. Hy lê klem daarop dat hy hulle volledig onderrig het, en dat hulle nou verantwoordelikheid vir hulle geloof moet aanvaar. Hierdie gedagtes vloei oor in die tweede gedeelte, verse 28-35. Paulus onderrig die kerkleiers vir die toekoms, wanneer hy nie meer daar sal wees nie. Hulle moet so getrou wees as wat hy was. Hulle staan in God se seën, en het die bevel van die Here Jesus gekry om die swakkes met hulle gawes te help. Hierdie bevel en seën geld duidelik nie net vir die Korinthiërs en Efesiërs nie, maar ook vir ons.

Paulus se kommer was oor die kerkleiers. Hy beskryf hulle funksie as beskermers en dienaars van die kerk. Dit is die diens wat jy vir die kerk kan verrig wat belangrik is, en hierdie gedagte het voorrang bo enige gedagte van persoonlike eer. Paulus roep hulle op om, net soos hy, nederig te wees. Paulus beklemtoon dat hy niks van hulle weerhou het wat tot hulle voordeel kon wees nie.

Paulus is deur die Gees beveel om na Jerusalem te gaan. Hy weet egter nie die doel van die reis of wat presies met hom gaan gebeur nie, maar hy weet dat daar verdrukkinge op hom wag. Paulus ag nie sy lewe hoog nie, en hy vertrou op God. Wat vir hom belangrik is, is dat hy sy taak om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van

REDAKSIES:

Pretoria:
Redaktrise: Tanya de Vente
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Wilma Lubbinge
Arjan van Houwelingen
Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser
Penningmeesteresse: Linda de Vente
Sekretaresse: Marie-Louise van den Bout
Lede: Johan de Vente
Thys van der Hout
Elizabeth Aartsma

Kaapstad:
Redakteur – Sjirk Geerts
Artikelversorger - Corrien Geleynse
Artikelversorger – Carina van Alten
Teksversorging - Sandra Scheltens
Sekretaresse - Lieneke Eefting
Finansies - Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg:
Willemien Kleijn – willy_k@absamail.co.za
Arjan Bijker – bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

God, sal volbring.

Nou, in vers 28, leer hy vir hulle hoe hulle moet optree wanneer hy weg is. Hulle moet aandag gee aan hulle geestelike staat en die van die kerk. Hulle taak is om vir die kerk van God te sorg. Paulus is bekommerd dat dwaalleraars die kerk sal binnedring en mense weglei, en oor afvalligheid binne die kerk. Hy vermaan die leiers om altyd waaksaam en versigtig te wees.

Paulus plaas nou die leiers in God se sorg. Hy handig die verantwoordelikheid vir die kerk oor aan God en die leiers word in God se hande geplaas. Laastens vra hy hulle om sy voorbeeld van onselfsugtige diens te volg: "Dit is saliger om te gee as om te ontvang". Hiermee bedoel hy dat die persone wat die gawes het die ander swak lede met hulle gawes moet help eerder as om nog meer rykdom te vergaar.

Al hierdie reëls en regulasies het regstreeks met ons te make, en die inhoud van hierdie gedeelte is van groot belang vir ons, veral in vandag se tye.

PAASFEES - `N FEES OP PAD NA DIE WEDERKOMS

Johannes 20

Thys van der Hout

Ons het in die afgelope tyd Goeie Vrydag en Paasfees gevier, waar ons die kruisiging, dood en opstanding van ons Here Jesus Christus gedenk het.

In ons lewe van elke dag is daar veranderinge wat aanpassings van ons vra. Dalk `n verhuising, nuwe skool, vriende of studierigting. Nog meer traumatiese is die verandering en gemis as iemand sterf en jou hele lewe as gevolg daarvan verander. Dit is moeilik om dit te aanvaar en te verwerk. So het ook Maria Magdalena dit intens ervaar. Jesus was skielik nie meer daar nie. Die Vrydag het sy Hom aan die kruis gesien, geweet Hy het gesterf. Haar hele lewe het dramaties verander.

Maria Magdalena was die vrou uit wie Jesus sewe duiwels uitgedryf het. Sy is besonder begenadig, omdat sy soveel sien op daardie eerste dag van die week – Sondag, die opstandingsdag. Terwyl die ander net die doeke, of die engele, sien, beleef Maria alles – die oop graf, engele, Jesus wat met haar praat en aan haar `n besondere boodskap gee.

Moenie vashou nie

In Mattheüs 28 lees ons dat vroue Jesus se voete gegryp het en Hy dit nie verbied het nie. Ook Thomas het die opdrag gekry om Jesus aan te raak; sy hand in Jesus se sy te steek. Die bevel aan Maria Magdalena om Hom nie aan te raak nie, het egter `n dieper betekenis. Die betekenis van die woord is om iets te omklem, aan te gryp met die bedoeling om vas te hou en nie te laat los nie. Sy wou Hom vashou met die doel om die ou orde te herstel. Jesus is terug en nou kan ons vir altyd hier op aarde gelukkig leef, so het sy gedink – maar dit was `n misverstand.

Paasfees is nogtans nie `n fees van stilstand nie, maar van beweging. Wie Paasfees vier en bloot vaskyk teen die kruis op Golgota, vier `n fees van stilstand.

Wie Paasfees vier, kyk onmiddellik vorentoe na die opstanding, hemelvaart (waar Jesus Christus nou aan die regterhand van die Vader sit), Pinkster en ook sy wederkoms.

Is die misverstand by Maria nie ook die probleem by baie van ons nie? As sy sy stem hoor, sê sy vir Hom "Rabboeni" en erken Hom as haar Here.
Ja, ook ons dien die Here en erken Jesus as ons Here, maar hoe dikwels wil ons dinge vashou wat nie vasgehou behoort te word nie?

Roeping van die kerk

Wie Paasfees sien as die fees van beweging, sal ook die roeping in sy of haar lewe sien. Om as kerk van Christus steeds te reformeer; om te besef dat ons op pad is.
Ons mag vashou aan die onwrikbare belydenis dat ons Here Jesus Christus gebore is uit die maagd Maria, gely het, gesterf het, begrawe is,

uit die dood opgestaan het, opgevaar het na die hemel en weer sal kom op die wolke.

Christus leef! Hy het opgestaan! Maria Magdalena kry `n besondere boodskap.
Die ander vroue moet gaan vertel wat hulle gesien het, maar sy moet vertel wat gaan gebeur. Juis dít maak die opdrag aan haar duidelik om Paasfees nie as `n fees van stilstand te vier nie, maar as `n fees van beweging. Dit is haar taak om te gaan vertel, profeties, dat Jesus na sy Vader toe opvaar – wat ook ons Vader en ons God is.

As jeug mag ons nie stagneer nie, want ons is op pad, doelgerig op pad, omdat ons Here op pad is om te kom. Leef as gelowige broeders en susters, as jeug met blydskap. Vra in gebed voor die HERE of dit waarmee ons besig is, werklik alleen tot sy eer is. Hou vas aan die heerlike heilsfeit dat Christus opgestaan het, opgevaar het en weer sal kom. Dank God vir sy genade.
Paasfees, waarlik `n fees op pad na Jesus Christus se wederkoms, na die ewige lewe.

Bron: Die Kerkblad – GKSA

ONTMOET JOU VOORVADERS

Jan Lubbinge

Kan jy jou voorstel dat Lameg[1], die pa van Noag, met Adam praat en sê: "Vertel weer vir my hoe dit was om met GOD te praat in die tuin van Eden. Dit is nou voordat julle van die verbode vrug geëet het." `n Denkbeeldige gesprek? Dit kon moontlik plaasgevind het. Want volgens die genealogiese verslae in Genesis het Adam nog in Lameg se tyd gelewe.
Adam het nog gelewe toe Lameg 56 jaar oud was. Sien die tabel.



Die Bybel is baie spesifiek in die neerskryf van die ouderdomme van die patriarge van Adam tot Abraham. Die Bybel verhaal presies hoe oud elkeen was toe sy eerste seun gebore is en hoe lank hy nog daarna gelewe het. Dus, met eenvoudige wiskunde kan ons uitwerk wanneer elkeen gebore is en wanneer hy gesterf het.

Of wat van Abraham wat vir Sem vra om hom te vertel hoe hy en sy broers Gam en Jafet met hulle pa, Noag, die ark gebou het? En hoe dit was om vir `n jaar gedurende die vloed met al die diere in die ark te bly. `n Fiktiewe gesprek, ja, maar dít kon ook plaasgevind het. Volgens Genesis het Sem gelewe in die dae van Abraham.

[1] Moenie dié Lameg verwar met 'n ander Lameg, seun van Methusael, en 'n afstammeling van Kain nie. Genesis 4:17 –18.

Adam en sy nageslagte
Adam was gemaak op die sesde dag van die eerste jaar en het gesterf in die ouderdom van 930 jaar. Hy kon dus met sy nageslag gepraat het, tot en met Lameg, die pa van Noag. Lameg is gebore in die jaar 874. Noag se seun, Sem, is gebore in 1558 en het gesterf in 2158. Hy kon met Abraham gepraat het, wat gebore is in die jaar 2008. Net so kan die datum van die vloed ook akkuraat vasgepen word.
Genesis 7:6 sê: *"... en Noag was 600 jaar oud toe die watervloed oor die aarde gekom het"*. Uit die tabel kan ons aflei dat Noag in die jaar 1056 gebore is en dat die vloed 600 jaar later, in 1656, plaasgevind het – 282 jaar voor Abraham se geboorte.

Ons sien dat Sem gesterf het in die jaar 2158 en Heber het gesterf 2187; albei van hulle het Abraham gesien.

Maar is daar enige weglatings?
Daar is sekere mense wat sê dat daar spasies of "gaps" in die verslag van Genesis is. Hulle voer dié rede aan om ruimte te skep vir die gesekulariseerde argeoloë, en probeer daarom om die bybelse tydraamwerk te rek. As ons duidelik daarna kyk, sien ons tog dat die Bybelboeke se feite hiér waterdig is.

Is die verslag wel akkuraat?
Daar is 10 verse in Genesis wat lui: "dit is die geslagsregister van ..... en ....." (Genesis 2:4; 5:1; 6:9; 10:1; 11:10; 11:27; 25:12; 25:19; 36:1; 37:2). Die gebeure is eerder voor as na die afsterwe van die persoon neergeskrywe. Die aanhalings moet dus gesien word as 'n ondertekening van die beskryfde gebeure. So is dit dan van vader na seun oorgedra. Al die inligting het dan so by Moses uitgekom wat dit onder die inspirasie van die Heilige Gees in boekvorm neergeskryf het.
Vandag kan ons dit as Genesis herken.

Hierdie geskrewe rekords het gehelp om die mondelinge oordrag van gebeure te bevestig. Let op dat daar tussen Adam en Abraham slegs twee keer tussengangers was om die inligting oor te dra. Adam het vir Lameg gesien en Lameg het vir Sem gesien en Sem het vir Abraham gesien.

Die genealogiese verslag word vier maal in die Bybel genoem, naamlik in Genesis 5 en 11, asook in 1 Kronieke 1 en Lukas 3. Dit is `n feit dat God baie waarde daaraan geheg het om hierdie verhaling vir ons so neer te laat skryf.
Judas 1:14 verwys na Henog, die sewende geslag na Adam. Die rekords in die Bybel is waterdig en ons mag dit ook letterlik so opneem. Net soos die nuwe testamentiese skrywers dit ook gedoen het.

(Vertaalde artikel uit *Creation 25* (2) 2003)

NAGMAAL - SELFONDERSOEK

Carina van Alten

"Laat ons ons hierdie week verootmoedig in voorbereiding vir die Heilige Nagmaal wat aanstaande week gevier mag word". Dit was die gebed van ons predikant voor die laaste nagmaalsviering. Besef ons wat ons van die Here vra? Is ons in hart en siel deel van hierdie nagmaalsviering en die voorbereiding daarvan? As ek die nagmaal wil vier, moet ek nie net myself vooraf beproef nie, ek moet ook goed weet waaroor dit by die nagmaal gaan. Paulus noem dat ek die liggaam van die Here moet onderskei. Om na die nagmaalstafel te gaan, is iets anders as om by 'n vriend te gaan eet. Ek eet daar nie sommer 'n stukkkie brood en drink sommer 'n slukkie wyn nie, nee, ek het te doen met tekens van Christus se liggaam en bloed. Ek moet goed weet wat Christus se liggaam werd is. Ek moet Christus se self-offerande noukeurig na waarde skat.

Ek moet aan die tafel Christus gedenk. Wat is dit? Dit is meer as om net aan Christus te dink, soos ek aan verskeie persone of dinge uit die verlede dink. Ek kan aan verskeie dinge dink sonder dat dit my vandag raak en sonder dat my lewe daardeur anders word. Met die bybelse woord "gedagtenis" is dit anders. In die Bybel is "gedenk" 'n woord wat alles te doen het met my lewe, met my doen en late hier en nou. As ek iets gedenk, laat ek dit as 'n lewende werklikheid in my lewe funksioneer. Dan laat ek die dinge uit die verlede my lewe van vandag bestempel en beheers. Wanneer ek Christus gedenk, laat ek die offer van Christus my lewe bepaal.



Dan soek ek daadwerklik my redding by Hom in alle dinge van die lewe. Uit die Skrif blyk dit duidelik dat ek by die nagmaal, in geloof, bewus en aktief besig moet wees. Die nagmaal is 'n maaltyd van die geloof. Christus se gawe is onlosmaaklik verbind met ons gelowig besig wees. Ek moet in geloof die brood eet en uit die beker drink. Ek moet Christus gedenk, sy offer my lewe laat bepaal. Ek moet die dood van die Here verkondig.
Dit alles eis 'n sekere kennis en geestelike onderskeidingsvermoë.

Dus, as ons ons vooraf verootmoedig laat, ons dan lees wat die formulier sê oor die ware selfondersoek:

"Ten eerste: Elkeen moet nadink oor sy sonde en vervloeking, sodat hy homself kan mishaag en hom voor God kan verootmoedig;"

"Ten tweede: Elkeen moet sy hart ondersoek of hy die vaste belofte van God glo dat al sy sondes hom alleen op grond van die lyding en dood van Jesus Christus vergewe is;"

"Ten derde: Elkeen moet sy gewete ondersoek of hy van voorneme is om van nou af met sy hele lewe ware dankbaarheid aan God te betoon en opreg voor Hom te wandel."

GENETIESE MANIPULASIE, KLONING EN WAT DIE BYBEL SÊ

Marijke Aartsma

Is dit reg om mense te probeer kloon? Die mens probeer mag in eie hande neem. As ons kyk na die Bybel, kan ons sien dat dit verkeerd is. God het elke mens uniek gemaak en met 'n doel op aarde gestel. Ps.139:13-15: "Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed. My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde."

God is in beheer van die lewe en die dood. Deut. 32:39: "Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie. Ek maak dood en



maak lewend; Ek het verbrysel en Ek genees en daar is niemand wat uit my hand red nie." So wie is ons dan dat ons 'n mens wil kloon, basies

'n nuwe lewe wil skep uit 'n selletjie? God beheer alles, ook volgens Rut 4:13: "So het Boas Rut dan geneem en sy het sy vrou geword en hy het by haar ingegaan en die Here het vir haar swangerskap gegee en sy het 'n seun gebaar." God het ons geken nog voordat ons gebore is, nog voordat ons eers bestaan het. Jer. 1:4,5 sê: "Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig."

Mag ons dan gene manipuleer? Tegnies gesproke kan mense al die geen wat byvoorbeeld blindheid veroorsaak, verander of verplaas sodat die persoon sal kan sien. Die tegnologie is daar. Geneties oordraagbare siektes kan dan ook voorkom word deur die "foutiewe" geen te verander. Maar is dit volgens die plan van God vir daardie mens? God het ons met 'n doel gemaak. Joh. 9:1-4, waar Jesus 'n blinde man genees: "En sy dissipels vra Hom en sê: Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is? Jesus antwoord: hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie, maar die werke van God moet in hom openbaar word." God het 'n plan en 'n doel agter alles wat Hy doen, al is dit om jou geloof te beproef of om dit te versterk. Daarom moet ons mense se gene nie manipuleer nie.

Ons kan leer uit Ps. 73, wat gaan oor die lewe van die goddelose wat só voorspoedig en aantreklik lyk, dat God die goddelose sal laat val. In vers 18 en 19 staan: "Waarlik, U stel hulle op gladde plekke; U laat hulle in puin val. Hoe word hulle in 'n oomblik 'n voorwerp van verbasing, vergaan hulle, raak hulle tot niet deur verskrikkinge!" En ons kan weet dat God altyd by ons sal wees. Vers 24-26 sê: "U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem. Wie het ek *buiten* U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie. Al beswyk my vlees en my hart – God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid."

GOD – DIE MIDDELPUNT VAN ONS LEWE?

Bertha de Jager

The poem

I knelt to pray but not for long,
I had too much to do.
I had to hurry and get to work
For bills would soon be due.
So I knelt and said a hurried prayer,
And jumped up of my knees.
My Christian duty was now done
My soul could rest at ease.
All day long I had no time
To spread a word of cheer.
No time to speak of Christ to friends,
They'd laugh at me I'd fear.
No time, no time, too much to do,
That was my constant cry,
No time to give to souls in need
But at last the time, the time to die.
I went before the Lord,
I came, I stood with downcast eyes.
For in his hand God held a book;
It was the book of life.
God looked into his book and said:
"Your name I cannot find.
I once was going to write it down…
But never found the time"

-Author Unknown

Dit het my laat dink! Hoeveel keer staan ons stil by die feit, dat ons vir die Here leef. Dat ons hier op die aarde geplaas is deur hom, om hom te eer en nie onsself nie. Hoe maklik vergeet ons dit nie in ons gejaag na wind.

Ons slaap bv. later, maar moet dan so vinnig maak, dat ons nie die dag saam met God kan begin, deur die bybel te lees en te bid nie.

Ons wens die tyd om dat dit weer naweek kan wees, sodat ons, ons eie ding kan doen en ontspan saam met ons vriende en familie. Ons dink nie daaraan dat ons daardie minute, wat ons om gewens het, nooit weer sal terug kry nie. Baie keer wil ons iets verander wat in ons lewe gebeur het, maar wees realisties ons sal dit nie kan verander nie, daar bestaan nie so iets soos "back in time" nie. Daarom moet ons elke dag tenvolle leef vir Christus.

Baie keer dink ons dit is nie verkeerd wat ons doen nie, maar ons moet ons self afvra of dit reg is. Kan ons nie ons tyd vir beter dinge gebruik nie.

Of ons dink ja dit is waar wat in die Bybel staan of wat ons Sondag in die preek gehoor het, maar as ons weer met ons alledaagse aktiwiteite begin, val ons weer in die greep van die wêreld en tyd. Dit is waar ons baie maal 'n fout maak, want ons deel ons lewe in twee dele op, een waar ons bid, kerk toe gaan, uit die bybel lees en ander kerklike aktiwiteit bywoon en die ander deel is dan ons alledaagse aktiwiteite. Ons doen dit omdat ons bang is vir die wêreld en wat hulle van ons gaan dink. Maar as mens mooi daaroor dink gee dit glad nie om wat die wêreld van ons dink nie, maar wat God van ons dink. Daarom moet ons dit wat die Here vir ons deur die bybel sê toepas in ons daaglikse lewe.(Spreuke 3:6- "Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak.") Ons moet elke dag ten volle gebruik om 'n lig vir God te wees. God se eer moet ons eerste prioriteit wees. Maar omdat ons 'n sondige natuur het, kan ons dit nie uit onsself nie, daarom moet ons keer-op-keer weer vir God bid en vra dat die Heilige Gees in ons harte sal werk.

ONS VOEL NIE SO NIE !

In die Olielamp jaargang 7 nr.3 (April 2003) lees ons 'n taamlike bespreking van die fliek "The Passion". Na lesing van die artikel wil ons graag die volgende onder die aandag van al die lesers bring.

1. Hoeveel van die fliekgangers gaan die Latynse en Aramese taal verstaan? Moet alleen die beelde die weg na Christus wys?
2. Geen sondige mens kan en mag die lyding van ons Here Jesus Christus " naspeel" nie.
3. Die dokumentêr kan dus nie waarheidsgetrou wees nie!
4. Ons stel dat mnr. Gibson by hierdie verfilming glad nie deur die Heilige Gees geinspireer is nie !
5. Christen(jong)-mense mag nie hul kosbare, van God gegewe, tyd en geld mors deur dit te bestee in plekke waar ons nie behoort te kom nie !

Sommer 'n vyftal stellings, wat (soos ons hoop) 'n wye reaksie sal uitlok.
Baie dankie vir die opname in die Olielamp. Fam. H Luijk snr.

CHRISTUS UITGEBEELD AS MENS

Erica Bijker

Hoe oordeel ons oor inkleurprente wat Christus uitbeeld en prente op kaartjies van Christus as baba of aan die kruis? Mag ons as Christene *The Passion* gaan kyk?

Die algemene rede om dit te regverdig, is om te sê dat Christus tog ook mens was op aarde en dat ons Hom in sy mensheid uitbeeld en nie in sy Godheid nie. Die vraag is egter of ons Hom in sy mensheid kan uitbeeld sonder dat ons sy Godheid uitbeeld? Ons glo dat Christus tydens sy lewe op aarde ware God **en** ware, sondelose mens was (Joh. 1:1, Rom. 1:3, 9:5). Geen mens is in staat om sy Godheid uit te beeld nie en ons mag ook nie. Ons lees dit in die tweede gebod en die HK verduidelik dit soos volg: *Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy ons in sy Woord beveel het nie* (vr. en antw. 96). Ons moet dus volstaan by die uitbeelding van sy mensheid. Christus word dus eensydig uitgebeeld. Dit kom neer op die ontkenning van sy Godheid, wat in stryd is met die Skrif en die belydenisgeskrifte. Ons glo tog ook dat ons Christus se mensheid en sy Godheid nie kan skei nie (vr. en antw. 15, HK; NGB art. 10)!

Wanneer ons meen dat ons Christus na sy mensheid mag afbeeld aangesien ons Hom nie daardeur vereer nie, moet ons ons afvra wat die nut daarvan is. Is die inkleurprente daar sodat ons kinders Christus en sy werke beter kan leer ken?

Die Roomse Kerk het al aan die begin van die agtste eeu die uitbeelding van Christus toegelaat in die vorm van beelde en skilderye. Dit het bekend gestaan as die boeke van die leke. Hierdie boeke van die leke het gedien

tot die verheldering van die Evangelie, omdat die mense so ongeletterd en onkundig was. Met die koms van die reformasie is hierdie boeke van die leke vernietig. In Sondag 35, vraag en antwoord 98, lees ons: *Mag ons beelde as boeke van die leke in die kerkgebou toelaat? Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig.*
Rom. 10:17: *Die geloof is dus deur die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.* Ons het nie prente of Jesus-films nodig om die Evangelie beter te verstaan nie. Om dan 'n moderne film soos *The Passion* te gaan kyk, en dit te probeer verdoesel onder die dekmantel van "historiese waardes", regverdig nog steeds nie die afbeelding van Christus nie. As Christene het ons die Woord van God en hoef ons nie sulke films te gaan kyk nie.

Ten slotte kom 'n uitbeelding van Christus op niks anders neer as menslike verbeelding nie. Niemand van ons weet hoe Christus gelyk het nie. Dit is dus niks meer as fantasie nie wanneer ons probeer om Christus in sy menswees af te beeld. Die gevolg is dat Christus radikaal anders uitgebeeld word as wat Hy in werklikheid gelyk het. Verder word Christus gewoonlik in sy vernedering uitgebeeld, terwyl Hy nou nie meer in 'n staat van vernedering verkeer nie. Hy het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God. Dit sou dus weereens 'n eensydige beeld wees.

SONDEKENNIS DRA BY TOT WARE GELUK

Chris Stolper

Dadelik as jy die woord "sonde" sien of hoor, dink jy seker by jouself: Weer een van daardie artikels of preke wat my net mismoedig kan maak deur my te vertel hoe sleg ek is, en sodoende 'n demper op die mooiheid van die lewe plaas. Maar wag, voordat jy dalk nie verder lees nie! Dit is waar, maar dit is nie waar dit ophou nie. Dit is net 'n middel om jou op die einde van die dag baie gelukkig te maak. Om 'n deel van die ewige vreugde alreeds hier op aarde te kan ervaar, selfs in hartseertye. Dus byt maar bietjie vas. Ons moet telkens weer hieraan herinner word; om te besef hoe opstandig ons is, sodat ons weer kan opstaan van waar ons laas geval het. Dit is 'n voortdurende proses van opstaan en val; tog mag 'n innerlike vrede en vertroue altyd deel van ons wees. Jy moet by God hulp soek, weer en weer en weer. Wanneer jy dink dat jy nooit regtig gelukkig sal wees nie, mag jy elke keer weer tot God bid en sê: Kom my ongeloof te hulp. Net so het die tollenaar gesê: "O God, wees my, sondaar, genadig."

Kennis van die sonde en 'n ware sondebesef!
Nêrens word die oorsprong van die sonde in die Skrif verklaar nie en tog is die hele Skrif vol daarvan, en praat dit met groot klem van die kennis van ons eie sonde. Ons bely ook dat ons nie ons verlossing kan ken en werklik getroos daaruit kan lewe, sonder om ons eie sonde te ken nie. Daar is niks moeiliker as juis om die waarheid oor ons sonde te leer ken nie. Die sonde probeer juis voorkom dat ons dit sal ken. Wanneer ons besef dat ons sondig is, beteken dit nog nie dat ons die waarheid oor ons sonde bely en erken het nie. Dit is baie belangrik dat ons ons sonde slegs ken uit die wet van God. Daar leer ek die waarheid van my sonde ken. En dit kan slegs Christus my leer. Ek kan nie my sonde ken, sonder dat ek ook werklik Christus as Verlosser deur die geloof in God se Woord ken nie.

Waar kry ek die besef van hoe ongelooflik skuldig ek teenoor God staan?

Om te begin, kan ons ons afvra of ons as 'n gemeente 'n ware sondebesef het.

Het 'sondebesef' by ons nie al begin verwater tot 'n blote erkenning dat ons tog wel almal sondaars is nie? By baie van ons jeug heers die volgende gedagte: "Alles wat ons doen, is ook nie heeltemal so goed nie, want ons is wel nie van die wêreld nie, maar ons is tog in hierdie wêreld en daarom moet ons leef en leer leef met die werklikheid dat ons almal sondaars is. En vanweë die werklikheid dat ons in hierdie wêreld leef, moet ons as't ware ook in sonde leef."

Die gedagte is heeltemal in stryd met dit wat die Bybel sê. Die Bybel leer ons dat ons van

nature geneig is om God en ons naaste te haat. Is dit iets waarmee ons maar kan saamleef? Is dit iets waaraan ons gewoond kan raak, om elke dag daarmee te leef, met die werklike wete dat ek God haat? Kan ek gewoond raak aan die gedagte dat dit so is? Kennis van ons sonde kom nie maar uit ons eie hart nie. Ons leer nie ons sonde werklik en opreg ken wanneer ons ons vergelyk met ander mense binne of buite die gemeente nie. Die Here leer ons om te luister na sy volmaakte Woord. Jy leer nie jou sonde ken vanuit jou eie gedagtes of ervaring van neerslagtigheid, gevoelens van minderwaardigheid oor jou voorkoms of sosiale stand nie. Dit is nie sondebesef nie. Sondebesef is nie maar net 'n mislike gevoel dat ek 'n mislukking is nie.

Dit is ook nie die erkenning dat ons maar almal sondaars is nie.

Ware sondekennis kry ons wanneer ons in geloof gaan luister na die hele Woord van die Here. Want waar sien ons ons sonde duideliker as juis waar die Woord van die Here ons leer van Christus se lyding en sterwe op Golgota, waar Jesus aan die kruis vir ons sonde betaal het? Ons leer ons sonde ken as opstand teen God. 'n Weiering om my aan sy genade te onderwerp. Dit is 'n weiering om na Christus te kom vir vergifnis, ook van my sonde.

Nie een van ons is regverdig nie

Die Woord van die Here leer ons dat niemand regverdig is nie. Ons sien dit by die vraag: Wat is die oorsprong van die gebrek aan liefde wat ons dikwels ervaar?

Die slegte dinge wat ons doen, kom voort uit 'n hart vol moord en haat. So leer die Bybel ons. Dit is nie ons omstandighede, ons politieke situasie waarin ons grootword, of ons ouerhuis wat ons sondaars maak nie. As ons ons sonde wil leer ken, moet ons dit sien in die lig van God se Woord. En dit kom voort uit ons eie hart. Om sondaar te wees, is geen fase in ons lewe wat ons "ontgroei" en êrens agter ons laat nadat ons tot geloof gekom het nie. Inteendeel, as ons werklik wil leef uit die troos van die Evangelie, moes ons nie net gister ons sonde besef het nie, maar ook vandag vanuit die Woord bely en glo dat ons skuld het voor God. Anders is ons nie eerlik besig met God se Woord nie. Dit sit in ons bloed om te sondig. Ons moet teenoor die Here bely dat ons ook nie doen nie wat Hy kom vra wanneer Hy van ons eis: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand." Daarom kan ons net die volgende sê: "Here, ek erken dat as U my gaan oorlaat aan myself, as U my nie vashou en bewaar nie, sal ek ook vandag nog erger sondes doen as die ergste sondes wat ek in my gedagtes kan voorstel."

Dit is dus 'n oproep dat ons God se wet deeglik moet bestudeer, sodat ons 'n afkeer van onsself kry, en na God toe vlug.
Josua 1:8,9 sê: *Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.*
Het ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heen gaan.

Genade oorvloedig groot

Ons kan dit net regkry, as ons op ons knieë gaan en sê: "Vader, ek wil nie in opstand teen U kom nie, maar tog gebeur dit telkens maar weer dat ek u genade – die lewe wat U my gegee het – nie wil neem nie. Ek wil steeds in beheer van my eie lewe bly. Kom asseblief my ongeloof te hulp, want dit wat ek nie wil doen nie, dít doen ek. Help my om te besef dat dit 'n ewige stryd is. Dat ek in die proses nie met my eie krag U probeer dien nie, maar dat ek al my krag van U verwag. Dat ek so 'n groot vertroue het; dat ek weet ek mag U dien,

omdat Christus in my lewe en Hy my krag is." Alleen wanneer ons ons sonde uit die wet leer ken, sal dit moontlik wees om tegelyk ook te buig voor God se genade.

Elke besef van sonde wat ons weghou van Christus, is 'n vals sondebesef. Dit het die skyn van vroomheid wanneer ek sogenaamd vanuit die wet diep onder die indruk van my sonde staan, maar is vol hoogmoed en opstandigheid teen die Here deur nie te vlug na Christus vir vergifnis van hierdie sonde nie. Die vrome in die Woord van die Here is nie die een wat sy sonde sit en betreur, maar steeds nie na Christus wil kom nie. Die vrome waarvan die Bybel ons leer, is die een wat juis vanuit 'n diepe besef van sy sonde Christus omhels as die vervulling van die wet van God. Dit is 'n opdrag dat ek bly moet wees oor die genade van Christus. Ek moet my verdiep in Christus se genade, sodat die besef elke keer weer tot my kan deurdring. Dit moet die rede vir my vreugde wees. Alleen deur Christus wat in my is, kan ek my opwerk om elke dag bly te wees. Eendag sal die vreugde volmaak wees.

Bronne: 1) Die Bybel
2) Geloof, kennis en vertroue (ds. Viljoen)

CSV – HOE REAGEER JY AS CHRISTEN DAAROP

Anja Luijk

Mag ek, as Christen, deel wees van die CSV of moet ek eerder daarvan wegbly? Het ons werklik CSV nodig? Ons het jeugvereniging op Sondae en katkisasieklasse op Woensdae. Boonop gaan ons twee keer per week kerk toe, jy doen self bybelstudie, asook met jou gesin. Maar kan ons ooit genoeg kry van bybelstudie of om meer van God te leer? Met dié vraag wil ek graag by ons hoofpunt uitkom: CSV!

CSV het sy voor- en nadele. Dit is waar jy moet oppas om nie soos so baie ander kinders te glo dat CSV selfs beter as kerk is nie. Natuurlik het dit ook goeie punte en dit is waarmee ek gaan begin.

As jy na die omstandighede in kinders se ouerhuise gaan kyk, sal jy besef dat baie van hulle nie omgee vir godsdiens nie. By CSV word die basiese agergrond gegee en kan dit dalk die kinders aan die dink sit. Indien jy by die CSV-kringe aansluit en jy 'n goeie kringleier het, kan jy natuurlik die kans benut. Jy kan jou skoolvriende beter leer ken in die geloof. Jy kan ook die kans gebruik om hulle te help en te evangeliseer. Vra God nie dat ons elke oomblik wat ons kry, moet gebruik om as getuie van Hom op te staan nie?

Aan die ander kant maak ek dit net duidelik dat as jy alles glo wat by CSV gesê word, kan dit jou baie mislei. Ek wil net 'n voorbeeld gee van wat al gebeur het. 'n Groep het kom optree en die kruisiging van Christus voorgestel. Ons het al van jongs af geleer dat geen mens Christus se kruisiging kan uitbeeld nie, want mense is nie volmaak nie. Nog 'n voorbeeld: die uitbeeld van die Satan as 'n kort klein mannetjie met horings op sy kop. Die Satan is baie listiger en gevaarliker as die beeld wat hulle vir die kinders gee. Klink die voorbeelde vir jou verspot; wie sal dit nou doen? Wel, dink weer, want dit gebeur in ons CSV-periodes.

As jy baie krities oplet, sal jy ook hulle musiekkeuse kan kritiseer. Hulle speel onvanpaste musiek. Hoekom speel hulle musiek in die eerste plek? Wil hulle daardeur kinders probeer lok om CSV toe te gaan? Besef hulle werklik die erns van die Evangelie?

Ek hoop dat ek dit redelik duidelik gemaak het hoe CSV by ons skool is. En of dit reg of verkeerd is? Oordeel self!

BEHEER JOU GEDAGTES

Janneke de Vries

In Filippense 4:7 lees ons 'n merkwaardig troosvolle woord:

"... die vrede van God ...
sal wag hou oor julle
gedagtes
in Jesus Christus"

Onder gedagtes moet ons verstaan 'n innerlike skeppingsgewendheid wat ons lewe heilsaam kan vul of skrikwekkende resultate kan lewer. Ons kan ook sê: ons gedagtes is die vertoonvenster of luidspreker van ons hart. Ons gedagtes verraai wie en wat ons is omdat ons gedagtes deur ons persoonlikheid en karakter geskep word.

Die verskrikking van gedagtes

Omdat die mensdom in sonde geval het en die versinsels van sy hart daardeur net sleg geword het (Gen. 6:8), is dit begryplik dat ook ons gedagtes 'n bose mag in ons geword het. In Filippense 4:7 is dit duidelik dat ons gedagtes 'n vyand van die mens geword het wat hom geweldig kan terroriseer en folter. In die Bybel het ons 'n voorbeeld in Saul, wat se gedagtes hom verskrik het, sodat Dawid vir hom op die harp moes speel (1 Sam. 16:4). Ons het ook die voorbeeld van koning Ahasvéros (Ester 6:1), van wie die slaap gewyk het vanweë sy gedagtes, sodat hulle uit die kronieke moes lees.

Die negatiewe krag en invloed van ons gedagtes is ook baie goed bekend uit die alledaagse lewe. Sommige mense ontvang elektriese breinsel-vernietigingskokke om folterende gedagtes te vernietig; ander ondergaan 'n chemohipnose om onverdringbare gedagtes weg te was; ander vlug na verdowingsmiddele of plekke of probeer doodeenvoudig hulle gedagtes wegwerk. Ons ken die angs, vrese en pyn waarmee ons gedagtes ons kan aanval. Skuldkomplekse, gewetensdrang, selfverwyt, mishaging en depressie is maar 'n paar bekende woorde wat daagliks gelees word. Die geweldige gevolge word daagliks in die koerante deurgegee.

Die beheersing van gedagtes

God, ons Vader, het egter deur Jesus Christus en die Heilige Gees aan ons 'n geskenk gegee om ons verkeerde en vyandiggesinde gedagtes nie net te verdring nie, maar ook te oorwin. God het met ons 'n ander mag en krag gegee waarmee ons ons gedagtes kan rig en lei sodat dit 'n heilryke en seënryke gevolg in ons lewe het.

Die geskenk waarvan ons praat, is die *vrede van God* soos Paulus dit noem in Filippense 4:7. Hierdie vrede van God is 'n verlengstuk van die versoeningsvrede wat Christus tussen ons en God bewerk het. Die vrede van God in ons harte is die resultaat van ons geloof; van ons versoening en herskepping deur Christus. Die vrede in ons harte is selfs so sterk dat ons geen besorgdheid meer ervaar nie. Ons vrees niks meer nie. Nie 'n oorlog nie, nie die reispad nie, selfs nie 'n brandstapel nie. Die innerlike krag van ons angsloosheid is nie iets wat 'n mens kan aankweek of verwerf met breindissipline en allerlei metodes soos sommige meen nie. Nee dit is 'n geskenk, 'n gawe van God in Christus. Daarom noem Paulus dit: die vrede van God in Jesus Christus. Hierdie gawe hou wag oor my gedagtes. Die "waghou" is 'n militêre term vir iemand wat gewapend paraat staan om te verdedig. So verdedig die vrede van God ons teen baie verkeerde en beangste gedagtes. Omdat God hierdie groot geskenk in die lewe van sy kinders gegee het, is dit eerstens 'n merkteken van ons herskepping; 'n seël van ons verkiesing. Tweedens volg uit die gawe 'n opgawe, of uit die geskenk 'n opdrag. Die opdrag noem Paulus in vers 8: "Rig julle geheiligde gedagtes dan nou voluit op dit wat mooi, edel, goed en regbouend is."

SAAMGEVAT:

Bedink dit wat die lewe lewe maak! Dit wat die lewe vreugde maak.

Natuurlik sal ons hierdie vreugde van God wat ons gedagtes beheers, nie nou op hierdie aarde volmaak hê nie. Daarvoor sondig ons nog te veel (Jak. 1:4 e.v.).

Maar ons kan en moet ons gedagtes beheers en op die weg van heiligmaking steeds meer aanpas by herskepping in Christus en die inwoning van die Gees in ons.

Deur die sleutelgat

Hier weer die jongste berigte oor die aksies wat die skindertonge laat klap, die bewegings wat verbeeldings aangryp, en die gebeure wat die *grapevine* aan die brand het. Dit is die jeug van Kaapstad, wat in die jongste tyd nogal van vuilspel verdink word…

Hier was weereens tydens die Paasnaweek 'n paar lede van die broederskap van oorkant die groot Vaal. Hans is al 'n bekende geval van besluiteloosheid oor waar die land van melk en heuning nou werklik lê – dié kant of dáái kant van die Groot Rivier. Dit lyk nou asof hy besig is om Pieter Bron op dieselfde paadjie van vertwyfeling te lei. Twyfel is sonde, broeders, kom woon maar in die Kaap!! Daar is in elk geval 'n dameshart of twee wat daardie besluit sou waardeer, is dit nie, Ilse?

Antoinette en Anita het ook weer heelhuids teruggekeer van hulle Paasnaweek in die verre Gauteng, en die oë blink sommer by voorbaat op my subtiele navrae oor wat nou presies die rede vir die kuier was, en wat die afloop daarvan was. Veel meer as dat dit lekker was, kon ek egter nie uit die twee dames kry nie, maar soos met 'n paar ander gevalle, vermoed ek vuilspel…

Daarby funksioneer Elisabeth ook weer probleemloos sonder haar gips, en sy versprei verbete die gerugte van hope tekenwerk wat ingehaal moet word. Aan die waarheid van hierdie gerugte durf julle getroue, waarheidsliewende informant twyfel, want betroubare bronne het dit dat dié betrokke dame meer energie verbrand tydens die amok saai onder eens geharde manneharte, as met die pen en potlood op papier. So loop die gerugte naamlik van troues en medestudente wat spesiale aandag ontvang… Omdat dit my as verspreider van gewaarborgde, uiters geloofwaardige inligting teen die bors stuit om 'n veldtog van disinformasie van stapel te stuur, laat ek dit by julle om self die waarheid uit te vind.

Verseker was dan die koffiedrink by ons jeug se nuutste aanwins, Eefje, ook een waaroor beslis berig moet word. Dié van ons wat die pad daarheen gevind het, het verseker ons beste gegee met die verorber van borde en borde koek, reuse bakke *chips* en riviere van koeldrank. Tussendeur was daar verskeie ekspedisies deur die huis. Ekspedisies is in hierdie geval voorwaar die korrekte woordkeuse, want in die eerste plek was die huis so oordadig in die Afrika-styl ingerig, dat dit amper vanpas gevoel het om jou boog lekker styf vas te vat en jou pylekoker op jou rug vas te *strap* voordat jy verder durf gaan, net vir die geval van onvoorsiene gebeurlikhede, en in die tweede plek was dit so massief groot, dat jy maar jou *meatballs* en *sweets* as padkos onder jou pyle kon wegpak voordat jy vertrek. Jy weet immers nooit wanneer jy weer by die kombuis en die kos sal uitkom nie…

Die ontdekking van die *pool*tafel sonder gate, die jacuzzi en die *sauna* het vir groot opwinding en reperkussies gesorg, en die gedempte gerugte oor die verborge kluis het talle sluiptogte deur die gange, 'n geklop op die mure en 'n gesnuffel agter skilderye en muurbedekkings afgegee. Daarby was daar die geheimsinnige sluiper wat Lieneke en Carien sewe soorte stuipe op die lyf gejaag en teen die trappe uitgedryf het, maar by nadere ondersoek geblyk het om die onskuldige Annamarie op ontdekkingstog te wees. Die twee bleekgeskrikte dames het by hierdie

ontdekking ietwat verleë erken dat mens in hierdie huis ook nooit te seker van jou saak moet wees nie…
Ná die betreklike rus en vrede van die Paasnaweek, het Alfred ons sommer vinnig weer op die regte paadjie van braaivleisvuur, kletspraatjies en goeie wyn gehelp. Die okkasie was natuurlik om hierdie nuwe eienaar en drywer van die Kaap se mees berugte voertuig se verjaarsdag te vier asook sommer die terugkeer van hierdie einste Geel *passionwagon* op die Kaapse paaie paslik te herdenk. Dit was só 'n gesellige saamtrek van oproerige, luidrugtige jeugdiges, dat die gaste hulle maar net nie kon wegskeur nie. Die buurt se nagrus is tot laatnag nog versteur deur vrolike afskeidsredes en brullend vertrekkende voertuie. Alfred, sê maar vir jou ouers namens ons baie dankie vir hulle geduld met ons vrolike en gewetenlose oorskryding van die toelaatbare aantal desibels en ordentlike groettyd.

Die jongste, eksklusiefste inligting wat ek vir hierdie artikel kon inwin, is dat 'n sekere drie lede van die Kaapse jeug skelmpies verdwyn het om die Gautengers se voete met behulp van die element van verrassing onder hulle te gaan uitslaan. Dít nadat ons almal deur Carina en Corrien verseker is dat dié verdwyning een see toe sou wees. Tuinroete, só het hulle gesê. Volgens die twee dames, in 'n latere onderhoud, is hulle op slinkse wyse deur Hein oorreed om eers die see te versaak en saam te reis na sy tuisstad. Maar die twee betrokke dames se oë glinster en die tonge hou nie op klap nie, en ek wonder maar so by myselwers hoe teësinnig hierdie besluit nou eintlik was…

Dan is daar ons twee blonde susters – die een openlik blond, die ander *undercover*. Natuurlik het ek dit hier oor Magda en Riana. Die twee gesels deesdae oor nie veel meer as *fake* naels, Sanex-produkte se absolúte betroubaarheid, en nog so een of twee onnoembare skoonheidsaspekte nie. Die rede hiervoor is natuurlik Riana se studierigting waarin albei dames intens belangstel, maar hulle manlike bewonderaars en wederhelwe net so effens minder. Daarom dalk dat albei manne vir eers die pad vat, in die hoop dat die twee *blonds* bietjie uitgesels raak. Magda groet vir Basie vir agt maande terwyl hy die goeie SA verruil vir die VSA, en Henry vat sommer die oop see aan. Altwee dames was vinnig om my te verseker van die feit dat hulle gaan vir werk, maar ek het my eie idees, en vermoedens van vuilspel…

Hiermee laat ek julle vir eers alleen om een van die laaste mooi herfsdae hier aan die suidelikste punt van die donkerste van kontinente met albei hande aan te gryp en bietjie see toe te gaan. Tot 'n volgende keer in die onthulling van die gebeure agter die toe deur van die jeug van Kaapstad!

Julle immer waarheidsgetroue
Sleutelgatloerder

Voetspore



Maand na maand vir die afgelope paar jaar sluip die voetspoor rond op die spoor van die jeug se aktiwiteite. Sommiges se name het al meer as eenkeer verskyn en ander snik oor hulle minder genoem word. Uit liefde vir mekaar kyk ons hierdie maand wat elkeen van ons geliefde jeuglede so baie spesiaal maak... Die voetspoor het alles in sy vermoë gedoen om elke liewe jeuglid te noem...

Stel jouself die dag voor....

Marita sonder 'n geheime agenda... Pieter, Martyn "voël", Hans en MariusB sonder hulle nagtelike telefoontjies... Alex ondersteun Manschester United en sny sy hare... Andreas sonder pela en pofadder... Nicoline "koko" sonder Antoine "oom Antoon" en oom Antoon sonder die droogte van 1930... Anja met ongekamde hare... Annelie en Jacqueline sit stil in die kerk... Arjan "rory" *stressed out* en support fanaties rugby... Heleen sonder dat haar klere blou is... Arnold desperate en dateless... Attie en Frans sonder hulle cd's ... Roelanie en Veronica elke Sondag by koffiedrink... Berta sonder haar pa se merc... Chris Stolper sonder 'n aktuele gespreksonderwerp... Cora sonder die jeugkoor en haar aansteeklike lag... Bea sonder die skool... Cornelis sonder sy Hebreeuse Bybel... Erik "jou ma" sonder Tuks FM (nee, dit is regtig bietjie vergesog)... Gerda en Elisabeth sonder hul fietse... Gerrit Bron sonder 'n kloppie op die skouer en Missed Calls... Albert Smit betyds vir kerk... Gerrit Kamphuis sonder sy veeldoelige Diesel bakkie... Gerrit Smit sonder 'n motorfiets... Gys ongeloofliklik luidrugtig... Henriette sonder Patty se hangmat... Hester sonder Reinhart... Pieter sonder geld op sy foon... Floris sonder sy baard of die dominee se nuwe (gestampte) corsa... Eric sonder sy bynaam "Boudjies"... Hilda sonder haar scooter... Naomi sonder Derek (en vica versa) en haar glimlag... Johan B "Ivvie" sonder avontuur en sy selfgeboude iglo... Tanya stil en sonder die nuutste "scoop"... Jako en Arjan B "spark" sonder hulle fietse en rekenaars... Jan sonder 'n blouoog... Marlies druip 'n toets... Hans sonder sy fiets... Johan Sterk sonder dat mense hom met sy broer verwar... Janita en Mariette sonder Gerrit se Missed Calls... Janneke sonder haar *Elle* look... Mietie sonder haar beursie en selfoon... Johan de Vente sonder AJ Plastiek... J-P sonder stilbaai... Marius de Jager sonder sy syfertjies... Leoni sonder Harmen... Lientjie sonder Willem "freekie"... Marijke sonder diere... Lieze sonder haar vele bewonderaars... Marjanie sonder wysheid... Linda sonder 'n grappie... Wouter sonder 'n kar... Gideon sonder deurgeskaafde wallclimbers-hande... Liza sonder 'n eksentrieke haarstyl... Magriet sonder haar studies... MariusB sonder sy sonbril... Marjan sonder haar Datsun... Marlene sonder 'n klavier en e-mails... Nicolas sonder 'n charming smile... Johannes Kerkhoff wat nie 'n rooi kaart kry nie... Wilma sonder olielamp resensies... Mirjam sonder die gym... Corneel sonder een van sy wys opmerkings… Thys sonder sy aansteeklike lag...Natasha sonder giegel-sessies... Patty sonder sy hare en pittighede... Willemien Kleyn sonder 'n stukkie wysheid of raad... Petra stil en sonder haar selfoon... Willemien R sonder vriendelikheid... Timo wat 'n afdag by die werk gekry het... Ranko, Iwan, Ronald en Johan de Vries sonder Attitude... Regina 'n Vrydagaand by die huis en sonder haar swem... Freddie sonder sy kredietkaart en rugby... Reinhart sonder sy Bronx en Goedkopie Pindakaas... Richard en Frank sonder Nederlandse opmerkings...
Erik B en Albert vd Poel sonder sokker... Laurike wat nie die sokkerclub uithelp nie... Monique wat nie moet kinders oppas nie... Ronald onaktief, en doen sy eie portefeuljes... Marinus vd Hout met uitbundigheid... Christiaan Baas sonder Feyenoord en Tineke sonder haar baba aan haar sy... Ruard sonder sy planne... Willem de Jager sonder rugby en Billabong... Josh sonder 'n pak en das... Wilna sonder haar lekker lag... Oom Piet Oelen sonder 'n praatjie... en dan laaste maar nie die minste nie... 'n koffiedrink sonder Magda en Ingrid ☺...

DE BOODSCHAP

Zeg aan het volk: Er is zwaar weer op til!

- Maar, Heer, het is al dag en jaar zwaar weer. -
Nochtans: Er is nog zwaarder weer op til!
- Maar, Heer, geloven doet men het niet meer.

Dit is een volk, dat brood en spelen wil;
Niet voor één keer, maar telkens, telkens weer.
En hoeveel woorden ik er ook aan spil,
het lacht en danst... en taalt naar U niet meer.

Wel zie ik hier en daar nog enkele getrouwen,
maar, ach, zij zijn zo weinig in getal
en meestal zijn het kinderen en vrouwen.

Profeet, sta op! Profeet, ga profeteren,
want voordat Ik als Rechter komen zal,
moet zich mijn volk geheel tot Mij bekeren!

ANDRIES DONGERA

VERJAARSDAE

Bethal	
Jonathan Smuts	6-Jun
Charl Coetzee	7-Jun
Toinette Coetzee	23-Jun
Johannesburg	
Anneke Eefting	31-Mei
Simone Boessenkool	30-Jun
Kaapstad	
Anita Drijfhout	23-Mei
Hein de Jager	6-Jun
Marcel du Plessis	19-Jun
Frans Geleijnse	30-Jun
Maranata	
Arnold v/d Bout	27-Mei
Gys van der Meulen	4-Jun
Marlene de Vente	5-Jun
Mietie vd Bout	14-Jun
Johannes Kerkhoff	27-Jun
Pretoria	
Willem de Jager	3-Jun
Cornelis Kleyn	9-Jun
Lieze Bron	9-Jun
Marius Bijker	9-Jun
Gerrit Bron	11-Jun
Mariette Bron	11-Jun
Hendrico De Castro	12-Jun
Henriette Ros	16-Jun
Charlene Danielz	23-Jun

Hierdie gedig is 'n gesprek tussen God en 'n gelowige wat wil moed verloor. God waarsku dat daar swaar weer – dit is moeilike, goddelose tye – sal kom. Die gelowige skud eintlik sy kop en verwyt God dat die tye alreeds so moeilik is vir 'n Christen, hoe kan Hy dit dan nog moeiliker maak vir ons? Maar die Here herhaal Sy waarskuwing.

Dan sê die digter "*Maar, Heer, geloven doet men het niet meer.*" Die mense wil nie glo dat tye swaar sal raak nie, want hulle lewe te lekker. Hulle wil net in oorvloed en vrolikheid lewe, en die moeite in die wêreld en die stryd teen die bose nie meer raaksien en probeer keer nie. Hoeveel keer hulle ook al gewaarsku word, hulle gaan net aan. Hulle lag en dans, en vra nie meer na die wil van God nie. Die gelowiges wat die digter nog wel raakloop, is maar min, en meestal maar kinders en vroue. Die manne, die krag van die land, is dus goddeloos en in 'n jaagtog na wind vasgevang.

Maar dan moedig God die moedelose gelowige aan en spoor hom aan tot profeteer. Want, sê God, voordat Hy weer kom om die wêreld te oordeel, moet almal van Hom gehoor het.

Ons kan nie – hoe min moed ons ook al het en hoe min toekomsvisie ons ook al glo daar vir die wêreld is – gaan lê of op ons louere gaan rus omdat ons ervaar dat die wêreld hom aan die evangelie nie meer steur nie. Ons moet juis met nuwe krag voortgaan om die Woord van God te verkondig, want Gods hele volk moet tot Hom bekeer wees voordat hy weer as Regter na die aarde sal kom.

Sperdatum vir die volgende uitgawe:
1 Junie 2003